Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2017

# GESKIEDENIS

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

* X H I S A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ŉ addendum van 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750

   VRAAG 2: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750

   VRAAG 3: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750
   DIE OPKOMS VAN DIE BASOETO-KONINGKRYK ONDER MOSHOESHOE

   VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750
   SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD

   VRAAG 6: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE
   DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opsteltipe vrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opsteltipe vraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringsstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE WAS SHAKA IN DIE BOU VAN DIE ZOELOE-NASIE BESKOU?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A

1.1.1 Wie, volgens die bron, was die TWEE skrywers wie negatiewe dinge oor Shaka geskryf het? (2 x 1) (2)

1.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom hulle negatiewe dinge oor Shaka in hul boeke geskryf het. (2 x 2) (4)

1.1.3 Onttrek TWEE negatiewe woorde wat in hul boeke gebruik is om Shaka te beskryf. (2 x 1) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Noem DRIE positiewe woorde in die bron wat gebruik word om Shaka as 'n leier te beskryf. (3 x 1) (3)

1.2.2 Verduidelik die konsep *despoties.* (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik hoe bruikbaar die bron vir 'n historikus sal wees wat die bewind van Shaka bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2.4 Wat, volgens die bron, was die redes vir die val van Shaka? (3 x 1) (3)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Onttrek bewyse uit die bron wat aandui dat dit 'n populêre reeks was. (1 x 2) (2)

1.3.2 Wat, volgens die bron, was die doel van die reeks? (1 x 2) (2)

1.3.3 Waarom, volgens die bron, was die reeks gekritiseer? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Identifiseer TWEE tradisionele wapens in die foto. (2 x 1) (2)

1.4.2 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die militêre taktieke wat Shaka gebruik het om sy vyande te verslaan. (2 x 2) (4)

1.4.3 Watter boodskap word deur die foto van Shaka oorgedra? (2 x 2) (4)

1.4.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom Shaka besluit het om die kortsteel assegaai tydens oorloë te gebruik. (2 x 2) (4)

1.4.5 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom krygers die lang skild tydens oorloë gebruik het. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ʼn paragraaf van ongeveer ses reëls (60 woorde) om te verduidelik hoe Shaka in die opbou van die Zoeloe-nasie aanskou was. (6)

**[50]**

## VRAAG 2: HOE HET BRITSE BEHEER DIE POLITIEKE, EKONOMIESE EN SOSIALE LANDSKAP VAN DIE KAAP VERANDER?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Raadpleeg Bron 2A.

2.1.1 Definieer die historiese konsep *slaaf.* (1 x 2) (2)

2.1.2 Hoe, volgens die bron, was slawe behandel? (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Brittanje slawe aan die Kaap geëmansipeer het. (1 x 2) (2)

2.1.4 Watter wet, volgens die bron, het slawerny afgeskaf? (1 x 2) (2)

2.1.5 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die gevolge wat die vrystelling van slawe gehad het op:

(a) Slawe (1 x 2) (2)

(b) Slawe-eienaars (1 x 2) (2)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Haal TWEE woorde uit die bron aan wat aandui hoe slawe hulle slawe-eienaars aangespreek het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Wat, volgens die bron, was Kate Jacob se meester se reaksie op die vrystelling van slawe? (1 x 2) (2)

2.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom slawe verskillend op die nuus van emansipasie gereageer het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik of Katie Jacob se toekomstige man se reaksie geregverdig was. Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Definieer die term *anneksasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en beskryf die houding van die koloniste teenoor die Xhosas. (1 x 2) (2)

2.3.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom dit moontlik vir die koloniste was om die Xhosas se land te annekseer. (1 x 2) (2)

2.3.4 Onttrek die redes vir die Britse anneksasie van die Xhosa se grond uit die bron. (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Wie, volgens die bron, was Sarhili? (1 x 1) (1)

2.4.2 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom Sarhili die profesie geïmplementeer het. (1 x 2) (2)

2.4.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik na watter leuens Sarhili verwys het. (1 x 2) (2)

2.4.4 Wat, volgens die bron, het Sarhili verloor omdat hy na die leuens geluister het? (3 x 1) (3)

2.4.5 Gee die naam van die meisie wie die profesie van die veeslagting gemaak het. (1 x 2) (2)

2.4.6 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die rampspoedige gevolge wat die veeslagting op die Xhosas gehad het. (1 x 2) (2)

2.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (60 woorde) om te verduidelik hoe Britse beheer die politieke, ekonomiese en sosiale landskap van die Kaap verander het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG NIE NET DIE AFRIKANERS, MAAR OOK DIE SWART SUID-AFRIKANERS GEAFFEKTEER?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Raadpleeg Bron 3A.

3.1.1 Haal bewyse aan uit die bron wat die nadelige gevolge wat die oorlog op swart families gehad het, aandui. (3 x 1) (3)

3.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die lyding wat Swartes in die konsentrasie-kampe verduur het. (2 x 2) (4)

3.1.3 Identifiseer die DRIE tipe swart plaaswerkers wat vanaf die boere plase na konsentrasie-kampe geneem is. (3 x 1) (3)

3.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die meeste Swartes verkies het om in die Britse leër te werk. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Onttrek bewyse uit die bron wat aandui dat aparte konsentrasie-kampe gedurende die oorlog geskep was. (1 x 2) (2)

3.2.2 Hoeveel Swartes het, volgens die bron, in die konsentrasie-kampe gesterf? (1 x 1) (1)

3.2.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die behandeling van Swartes in die konsentrasie-kampe bestudeer. (1 x 2) (2)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Definieer die volgende historiese begrippe:

(a) Guerilla-taktieke (1 x 2) (2)

(b) Kommando's (1 x 2) (2)

3.3.2 Hoe, volgens die bron, het Lord Robert die burgers gestraf? (3 x 1) (3)

3.3.3 Gebruik jou eie kennis en noem die beleid wat deur die Britte gebruik is om boere se plase af te brand. (1 x 2) (2)

3.3.4 Gebruik jou eie kennis en verduidelik waarom die Britte besluit het om die boere se eiendom te vernietig. (2 x 2) (4)

3.3.5 Gebruik jou eie kennis en verduidelik die effek wat die afbrand van plase op die boere gehad het. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Onttrek bewys uit die geskrewe bron wat aandui dat vroue en kinders ook konsentrasie-kampe toe gestuur is as straf. (1 x 2) (2)

3.4.2 Hoe, volgens die bron, kon Sarah die Britse magte ontduik? (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik watter rol vroue tydens die oorlog gespeel het. (1 x 2) (2)

3.4.4 Verduidelik hoe die geskrewe bron die visuele bron ondersteun ten opsigte van die rol wat vroue gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog gespeel het. (1 x 2) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) en verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse Oorlog nie net die Afrikaners, maar ook die Swart Suid-Afrikaners geaffekteer het. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

### VRAAG 4: TRANSFORMASIE IN SUIDELIKE AFRIKA NA 1750 – DIE OPKOMS VAN DIE BASOETO-KONINKRYK ONDER MOSHOESHOE

'In die opbou van die Sotho-koninkryk was Moshoeshoe 'n diplomaat.'

Stem jy saam met die hierdie stelling? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750 – SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE HOËVELD

Hoe het die koloniale uitbreiding na 1750 tot samewerking en konflik op die Hoëveld gelei?

Bespreek krities die konflik tussen die Britte, Boere en die Basoetoes en die pogings aangewend deur Brittanje om dit op te los. **[50]**

### VRAAG 6: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG EN UNIE – DIE NATURELLE GRONDWET VAN 1913

'Die Naturelle Grondwet van 1913 was die finale spyker in die kis vir Swart Suid-Afrikaners in die 20$^{ste}$ eeu en 'n stap na Apartheid.'

Bespreek hierdie stelling met verwysing na die sosiale en ekonomiese impak van die Naturelle Grondwet en hoe dit die fondasie vir die sisteem van Apartheid gelê het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou